

**Ouderdom: Vs-Gr6**  
**Tema: Kersfees les**  
**Teks: Matt. 2:1-12**

## KERSFEES LESSIE


**DOEL VAN DIE LES:** Om kinders te laat beseef dat Jesus 'n geskenk van God aan die wêreld was en daarom gee ons aan mekaar presente op Kersdag.

**HULPMIDDELS:** Geskenk-pakkie met Kersfees papier en lint toegemaak.  
Binne-in: Skoendoos met toneel van Christus se geboorte. Gebruik geel wol vir strooi.  
Sien **Bylaag 4** vir figuurtjies. Figuurtjies staan m.b.v. bolletjies wondergom.


**AANBIEDING:** Kinders, julle weet hoe lief God ons almal het. Die laaste paar weke het ons gesien watter wonderlike dinge die Here vir ons gee in die 4 jaargetye.  
Ja, Hy het vir ons 'n pragtige wêreld gegee om in te woon. Maar die wonderlikste geskenk wat God nog vir ons gegee het, is Sy Seun Jesus. Jesus het ons kom leer hoe lief God ons het en hoe ons moet lewe om waarlik gelukkig te wees. Hoe het die Groot Geskenk na die wêreld gekom? Soos 'n klein babatjie (maak die pakkie oop.)  
Kyk, Hy is as 'n klein babatjie in 'n stal gebore. (Wei uit oor die gebeure in die stal.)

Nou maar hoe sou die mense op die wêreld weet dat hierdie ou klein babatjie God se geskenk aan die wêreld is? God het 'n groot ster bokant die stal laat skyn sodat almal kan weet dat daar in die stal die nag 'n baie spesiale babatjie gebore is..... God se geskenk aan die wêreld! Die ster was só groot en helder dat daar selfs mense in 'n ver land, ver daarvandaan, was wat dit gesien het. Hulle wou toe só graag die kindjie sien, dat hulle al die pad met hulle kamele gery het om na die baba te kom kyk. Ons noem hulle die Wyse Manne uit die Ooste. En weet julle, hulle het vir die baba ook geskenke saamgebring. Daarom gee ons vir mekaar ook geskenke as dit Kersfees is.  
Ons dink aan God se groot geskenk aan ons en ons dink ook wat ons vir Jesus gaan gee. Ons kan nie vir Jesus sulke geskenke gee soos die Wyse Manne van wie ons nou net gehoor het nie, maar ons kan iets anders vir Hom gee – ons lewens, liefde vir ander, gehoorsaamheid.  
Dit is geskenke wat Hom bly maak.

**PRAKTIES:** Kom ons maak 'n sterretjie om aan die kersboom te hang en ons te herinner aan God se grootste geskenk vir ons. (**Bylaag 5**)



BYLAAG 4



BYLAAG 5

